

# TERUGVOER AAN GEMEENTES – SDR

## 22 NOVEMBER 2018

1. Die vergadering het sake en probleme van 'n paar gemeentes hanteer, maar het hoofsaaklik gefokus op die afgelope **Sinodesitting** se evaluering. Ons is so dankbaar dat die sinodesitting 'n positiewe en opbouende familie-belewenis was vir die oorgrote meerderheid afgevaardigdes en dat die uitkomst wat beplan is, bereik is.

Ons eer die Here vir die getuigenis dat meeste getuig het dat die sinode waarde toegevoeg het vir hulle bediening. Daar was ook groot waardering vir meer geleentheid om lekker te gesels om die tafels. Al die kommentaar op die indekskaarte is getik en aanpassings vir die volgende sitting is bespreek. Een van die sake wat meer aandag gaan kry by ons volgende sitting is om ruimte te maak vir brandende kwessies en sake wat ernstige bespreking nodig het.

2. Ons het ook besluit om vorentoenader aan gemeentes te beweeg en om van die sinode se kant **ringe te besoek** en te help om uitdagings op te los en toerusting en ondersteuning te gee. Ons sien die Ringsdiensrade as belangrike vennote op wie ons gesamentlik en afsonderlik wil fokus.

3. Ons is dankbaar om te kon sien hoe die **missionale gemeenteweese** besig is om al meer deel te word van ons kerk se DNS. Die nood en verlorenheid van die wêreld kry al meer prominensie in gemeentes se programme en betrokkenheid in die gemeenskap word belangriker. Die visie is dat Christus se liefde al meer uitgeleef en verkondig sal word en dat die

Koningskap van Jesus op elke lewensterrein sal sigbaar word soos ons sinode se embleem uitbeeld.

4. Volgende jaar op **2 November is ons sinode 40 jaar** oud en daarom beplan ons om tydens hierdie feesjaar saam as gemeentes iets spesiaal te doen wat 'n groot impak in ons gemeenskappe gaan maak. Ons kyk om saam hande te vat en 'n reuse missionale voetspoor te los as nalatenskap van ons feesvieringe.

5. Ons kon weer vir prof. Jan van der Watt kry om in 2019 die **predikantekonferensie** van 10-14 Junie te lei en wel oor die boek Openbaring.

6. Ons wag vir gemeentes om sake na die kantoor te stuur waaroor hulle graag wil hê dat die **Algemene Sinode in 2019** moet besin. Ringe ontvang vroeg in die nuwe jaar besonderhede hieroor. Die Diensraad het byvoorbeeld gedink aan onderwerpe soos die verval van die platteland en kleiner wordende gemeentes en hoe gemeentes weer kan groei. Die bekommernis oor die Staat wat die Kerk wil reguleer en die gebrek aan integriteit by leiers is ook moontlike onderwerpe.

7. Vanuit die sinodale kantoor en Diensraad wil ons vir elke lidmaat en leraar 'n baie lekker rustyd in die **vakansie** toewens en bid dat die **Kerstyd** waarlik 'n tyd sal wees van seën en 'n ontmoeting met die Christus van Kersfees. Mag die Vredevoors ons verlos van geweld, woede, haat, rassisme en alle sonde. Mag die **Nuwejaar** 'n tydperk van 'n noue wandel met die Here wees waar ons wonders en die realisering van God se planne sal beleef.

**Dirkie van der Spuy: Voorsitter Sinodale Diensraad**

